Hoofstuk: 1 Paragraaf: 13.		Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vir die kinders van God is die besef en die sekerheid van hierdie uitverkiesing daagliks steeds meer rede om hulle voor die aangesig van God te verootmoedig, om die diepte van sy barmhartigheid te aanbid, om hulleself te reinig	1	1 Johannes 3:3	En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.	Elkeen wat hierdie verwagting in verband met Hom koester, hou homself rein soos Jesus rein is.
		1 Johannes 4:19	Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het	Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.
en om Hom, wat hulle eerste so uitnemend liefgehad het, ook van hulle kant vurig lief te hê. Dit is dan ook onmoontlik dat hierdie leer van die uitverkiesing en die besinning daaroor die kinders van God sal laat ophou om die gebooie van God te gehoorsaam of dat hulle onverskillig sou word deur 'n sondige lewe te lei. Deur die regverdige oordeel van God is dit juis die geval met hulle wat die genade van die uitverkiesing ligtelik vir hulleself toe-eien of ydellik en ligsinnig daaroor praat, sonder dat hulle begeer om in die weë van die uitverkorenes te wandel.				